

**NOORDWES-UNIVERSITEIT (POTCHEFSTROOMKAMPUS)**

**FAKULTEIT TEOLOGIE**

**SKOOL VIR ANTIEKE TAAL EN TEKSSTUDIE**

**PEROMNES: A8**

**VAKATURE: DOSENT – LATYN (KAPASITEITSBOUPOS)**

**Hierdie vakature is vir aansoekers uit die aangewese groepe ooreenkomstig die universiteit se  
Indiensnemingsgelykheidsprogram.**

**Verantwoordelikhede:**

- Die verhoging van navorsingsuitsette binne die Sentrum vir Antieke Teksstudie
- Deelname aan die projekte van die Skool vir Antieke Taal en Teksstudie (byvoorbeeld IRIS, REFO 500)
- Hantering van onderrig in Latyn en Antieke Kultuur op voorgraadse vlak
- Skepping en bywerking van 'n e-leeromgewing
- Deelname aan klassieke kongresse
- Bywoning van werksinkels en kursusse ter verbetering van onderrig-leer en navorsingsvaardighede
- Aanbieding van modules binne die Eenheid vir Oop Afstandslere (Uniprep)

**Minimum vereistes:**

- BA Hons of MA of gelykwaardige kwalifikasie in Latyn
- Registrasie vir verdere studies (MA of PhD)

**Die volgende bevoegdhede word sterk aanbeveel:**

- Ervaring in die aanbieding van dienskursusse soos Mediese Terminologie, Botaniese Nomenklatuur, Regsterminologie, of soortgelyke kursusse
- Die vermoë en bereidwilligheid om interdisiplinêr te werk, in terme van onderrig-leer sowel as in terme van navorsing
- 'n Dinamiese persoonlikheid wat die nodige organisatoriese verantwoordelikhede kan behartig, en wat innoverend en kreatief kan wees
- Die vermoë om Latyn aan studente (ook uit ander dissiplines) op 'n interessante en inspirerende wyse aan te bied
- Tweektaligheid (Afrikaans en Engels), en die vermoë om binne die taalbeleid van die NWU te funksioneer
- Taalvaardigheid in 'n derde amptelike Suid-Afrikaanse taal is 'n sterk aanbeveling

**TOTALE VERGOEDINGSPAKKET:** R334 540 per jaar (werkgewerbydrae met betrekking tot voordele ingesluit)

**NAVRAE:** Prof. Marianne Dirksen, 018 299 1839

**SLUITINGSDATUM:** 11 Augustus 2014

**DIENSAANVAARDING:** 1 September 2014

**OM AANSOEK TE DOEN:** Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

- 'n Dekbrief
- 'n Curriculum vitae
- Drie verwysingsbriewe

**VIR AANSOEKVORMS:** Kontak die Departement Mensekapitaal by tel. 018 299 4961, of stuur 'n e-pos aan [recruithr@nwu.ac.za](mailto:recruithr@nwu.ac.za). Aansoekvorms is ook by kamer G25 of G27, C1-gebou, Institusionele Kantoor beskikbaar. Voltooid aansoekvorms moet óf by die Departement Mensekapitaal op die kampusse ingehandig word soos op die aansoekvorm gespesifiseer word, óf per e-pos gestuur word aan [recruithr@nwu.ac.za](mailto:recruithr@nwu.ac.za), óf aan 087 231 5515 gefaks word.

*Die Universiteit onderskryf en pas die beginsels van die Wet op Gelyke Indiensneming toe en is verbind tot transformasie.  
Alle aansoeke sal ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting geprosesseer word.*